HESSEQUA MUNISIPALITEIT: VERORDENING OP MEENTGROND

Kragtens die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verorden die Hessequa Munisipaliteit as volg:-

Inhoudsopgawe:

1. Definisies
2. Doel en oogmerke
3. Oprigting van weikampe
4. Sluiting van weikampe
5. Goedkeuring om diere te laat wei
6. Beperking van diere tot kampe
7. Getal en toestand van diere
8. Merk van diere
9. Weigelde
10. Besmette diere
11. Karkasse van diere
12. Verbode gedrag
13. Vrystellings
14. Skakelforums binne gemeenskappe
15. Ooreenkomste
16. Waarmerk en dien van kennisgewings en ander dokumente
17. Appél
18. Boetes
19. Herroeping van verordening
20. Kort titel en inwerkingtreding

1. Definisies

"groot vee" beteken beeste en perde en sluit enige ander spesie in wat die Minister in die Provinsiale Koerant as groot vee vir doeleindes van die Wet verklaar;
"klein vee" beteken skape en bokke en sluit enige ander spesies in wat die Minister by kennisgewing in die Provinsiale Koerant as kleinvee, vir die doeleindes van die Wet, verklaar;
"meent" beteken die gedeelte van eiendom wat besit word deur, of onder beheer is van die munisipaliteit en wat deur die munisipaliteit opsy gesit is vir weiding of sodanige ander doeleindes en gebruik soos die munisipaliteit nodig ag;
"merk" beteken enige, geregistreer ingevolge artikel 5(2) van die Wet en aangebring op enige dier vir enige doel, insluitend enige voorstelling van 'n merk wat beoog word om op diere geplaas te word, soos omstandighede vereis, maar sluit die volgende uit –

(a) 'n merk gemaak of geplaas op die horing of hoef;
(b) 'n merk van verf op enige dier;
(c) 'n klamp, klinknael, etiket aan die oor geheg, of enige merk gemaak op sodange klamp, klinknael of etiket; of
(d) keep of gat;

"munisipaliteit" beteken die Hessequa Munisipaliteit, gevestig kragtens artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) en sluit enige politieke strukture, politieke ampsdraers, raadslede, behoorlik gemagtigde agent of enige werknemer in wat ingevolge hierdie verordening optree, by wyse van 'n magtiging wat vestig in die munisipaliteit en gedelegeer of gesubdelegeer is aan sodanige politieke struktuur, -ampsdraer, raadslid, agent of werknemer;
"voorgeskryf" beteken voorgeskryf deur die munisipaliteit;
"wei" beteken om 'n dier toe te laat om op die meent te wei; en
"Wet" beteken die Wet op Identifisering van Diere, 2002 (Wet 6 van 2002);

2. Doel en oogmerke van die verordening

Die doel van hierdie verordening is om voorsiening te maak vir die gebruik en bestuur van meentgrond wat deur die munisipaliteit beskikbaar gestel word asook die beheer van diere op sodanige meent.

3. Vestiging van weikampe vir die diere

(1) Die munisipaliteit mag 'n gedeelte van 'n meent reserveer en omhein en wiekampe daarop vestig vir die vee van inwoners.
(2) Die munisipaliteit mag gedeeltes van 'n meent afbaken vir weiding van klein- en grootvee.
(3) Die munisipaliteit mag kampe en omheinde areas oprig vir die vee van inwoners.